



# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 19 Junie 2022

## Ons Program


### Ons is nou in Koninkrykstyf

“Koninkrykstyf” is die tyd tussen Pinkstertyd en Advent (dws omtrent die helfte van die jaar). In hierdie tyd is daar nie besondere kerklike feeste nie. In die Engelse wêreld heet dié tyd “Proper time”.

Koninkrykstyf begin met Drie-eenheidsondag (wat ons verlede Sondag gevier het) en eindig met Sondag van Jesus die Koning (vanjaar op 20 November).

Die sentrale simbool van hierdie tyd is dié van die kerk, uitgebeeld as 'n bootjie met 'n kruis op. Dit simboliseer die kerk as draer van die kruis (die Evangelie van Jesus Christus) in die wêreld.

Verskillende skakerings van groen dui in Koninkrykstyf op lewe, groei en vooruitgang.




## Vanoggend

**Skrifgedeelte:** Luk 8:26-39

**Tema:** Die besetene van Gerasa

Lukas teken vir ons 'n prentjie van Jesus wat sterker is as Satan, en daarom is ons veilig by Hom; van Jesus wat met mense op die naam werk, ook met jou; van Jesus wat heel maak, nie stukkend nie; en van Jesus wat Hom nie aan mense opdring nie, maar deur jou en my by hulle wil uitkom.



### Vandag: Vadersdag

- **Formele Erediens** om 9:30 (kerk) en 11:00 (Ons Woning) olv ds. Jaco
- **Deuroffer:** Fonds vir blindes (TOIBO)

### Sondag 26 Junie

- **Informele Erediens** om 9:30 (kerk) en 11:00 (Ons Woning) olv ds. Jaco
- **Deuroffer:** Gemeente Uitbreiding

### Ons Bybellees-program

Ons het die afgelope twee weke die boek Hebreërs gelees. Nou lees ons verder uit die Psalms. Vandag is Ps 121 aan die beurt. Kontak ds Jaco by 0845231157 as jy elke oggend 'n oordenking oor die betrokke hoofstuk per WhatsApp wil ontvang.



## Só glo ons

### Die Dordtse Leerreëls

#### Hoofstuk 1.1

Alle mense het in Adam gesondig en hulle aan die vloek van die ewige dood skuldig gemaak. Daarom sou God niemand veronreg het as dit sy wil was om die hele menslike geslag in die sonde en die vervloeking te laat bly en vanweë die sonde te veroordeel nie. Daarom leer die apostel: Die hele wêreld is voor God doemwaardig. Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God (Rom. 3:19, 23), en: Die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23).

#### Hoofstuk 1.2

Die liefde van God is egter hierin geopenbaar dat Hy sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (1 Joh. 4:9; Joh. 3:16).

## Lief & Leed

### Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n jaar vol van die Here se seëninge en genade vir elkeen van julle wees.

#### Junie

20 Retha Nel; Nea Venter  
23 Barnard Hugo; Mauritz Kotzé  
24 Kobus Moolman; Henro Strauss  
25 Ina Pollard



### Huwelikshedenking

#### Junie

21 Wynand & Frederika van der Berg (42j)

### Voorbidding

- Mollie Smit (geswede nier en ander kwale)
- Ina Prinsloo (enkel geopereer)
- Toy Kukard (terug by Ons Woning, steeds ongesteld)
- Michael Oertel (kolon)
- die mense van KwaZulu-Natal
- die erge droogte en waterkrisis in die Oos-Kaap
- die mense van Oekraïne



### Serpe-projek



Baie dankie aan almal wat gehelp brei of hekel het aan die serpe vir die leerders van AJC Jooste. Die projek is nou afgehandel. As jy nog 'n serp of twee by jou het, moet jy dit asb teen Vrydag 24 Junie vir Annamarie Dercksen by die kerkkantoor afgee.

### Die Thoms gaan kuier in die VSA

Die Thoms se dogter Maryke verwag haar tweede baba in Julie, en ds Jaco en Elmien gaan vir dié



geleentheid na Santa Barbara in die VSA. Hulle vertrek (DV) op 28 Junie en maak eers 'n Kaapse draai, voordat hulle op 4 Julie vanaf Kaapstad Internasionaal vlieg. Hulle sal (DV) die 29ste Julie terug wees.

## Ten Slotte

### Gebed van Franciskus van Assissi

Here, maak my 'n instrument van U vrede.

Waar daar haat is, laat my liefde bring;

waar daar onreg is, vergifnis;

waar daar twyfel is, geloof;

waar daar wanhoop is, hoop;

waar daar duisternis is, lig;

waar daar droefheid is, blydskap.

Godelike Meester, gee dat ek nie soseer sal soek

om getroos te word nie as om te troos;

om verstaan te word nie as om te verstaan;

om bemin te word nie as om lief te hê.

Want dit is deur te gee dat ons ontvang;

dit is deur te vergewe dat ons vergewe word;

en dit is deur te sterwe dat ons tot die Ewige Lewe gebore word.

Leraar:

Kantoor:

Orrelis:

Koster:

Webwerf

Kantoorure

Bankrekening

**Jaco Thom** 084 523 1157 [jaco@ngkerkpetrusburg.co.za](mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za)

**Madette Lombaard** 053 574 0279 [ngkpetrusburg@gmail.com](mailto:ngkpetrusburg@gmail.com)

**Elmien Thom** 084 562 3434 [elmien@ngkerkpetrusburg.co.za](mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za)

**Annamarie Dercksen** 072 499 4262 [annamarie.dercksen@yahoo.com](mailto:annamarie.dercksen@yahoo.com)

[www.ngkerkpetrusburg.co.za](http://www.ngkerkpetrusburg.co.za) facebook [NG Kerk Petrusburg](https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg)

Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00

ABSA Tjekrekening 2610580001